Oorsese artse wil help ná TV-reeks

Jan 13 2009 09:41:15:550PM

Antoinette Pienaar

'nHartroerende dokumentêre reeks oor toestande in die Chris Hani Baragwanath-hospitaal in Soweto het oproepe van oorsee laat instroom...

'nHartroerende dokumentêre reeks oor toestande in die Chris Hani Baragwanath-hospitaal in Soweto het oproepe van oorsee laat instroom van dokters en gesondheidswerkers wat hier wil kom help.

Die eerste episode van Saving Soweto wat in Mei verlede jaar deur die filmmakers Lisa Henry en Shareen Anderson gemaak is, is verlede week uitgesaai en word tot einde vandeesweek daagliks op Al Jazeera (DStv-kanaal 406) uitgesaai.

Henry en Anderson het dae lank vrye toegang tot die hospitaal gehad nadat hulle by die voormalige uitvoerende hoof, dr. Arthur Manning, toestemming verkry het.

In 'n tyd wanneer Gautengse hospitaalwoordvoerders nie meer toegelaat word om direk met die media te kommunikeer nie en alle medianavrae deur die hoofkantoor van die Gautengse gesondheidsdepartement gehanteer moet word, het hulle 'n kans gekry om tonele agter die skerms te verfilm wat min mense andersins sou sien.

"Die idee was nie om skandes oop te vlek nie, maar om ondersoek in te stel oor wat werklik daar gebeur," het Anderson gister gesê.

Reeds in die eerste episode is daar hartseer tonele van 'n kind wat in 'n plakkerskamp verbrand het en na sy ma roep terwyl gesondheidswerkers hom probeer inspuit. Langs die bed stroom die trane oor sy pa se wange, want hy weet reeds die ma is in die brand dood.

Volgens Anderson toon die reeks watter groot druk daar weens geweld en MIV/vigs op die hospitaal is.

Een aand moes die hospitaal meer as drie uur lank sluit omdat daar net nie meer beddens en ventilators vir al die traumagevalle was nie. Die hospitaal se trauma-eenheid sien sowat 3 000 gevalle per maand en doen minstens tien resussitasies per dag.

Nog sewe episodes word binne die volgende paar maande uitgesaai.

Sedert verlede week het Anderson en Henry talle e-posse van oor die wêreld heen gekry van gesondheidswerkers wat so deur die dokumentêr geraak is dat hulle vrywilligerswerk hier wil kom doen.

http://www.news24.com/Beeld/Home Beeld